

Skriflesing Romeine 8:1-17

Tema Kies om Geesbeheers te lewe.

Ek lees 'n rukkie gelede dié beriggie raak waarin iemand skryf: "Nou die dag loop ek 'n effens verslete ou onder 'n verbleikte sonsambreel by 'n vlooiemark raak. Sy stoel is gedaan en sy tafeltjie staan skeep. Hy lyk moeg en afgerem, maar doen sy bes om mense te oortuig om 'n boek te koop wat handel oor: "Hoe om vinnig ryk te word." Ek kon my oë nie glo nie. Al het ek hom innig jammer gekry, was die versoeking groot om in sy oor te fluister: "Lees die boek, doen wat daarin staan."

Dit is lagwekkend, maar ongelukkig ook waar vir ons as kinders van die Here en vir ons as Sy kerk.

Ons Boek, die Bybel, handel oor God wat vir ons wil lewe gee. Deur die Heilige Gees wil Hy ons geestelik ryk maak en ons kies om net te oorleef. Ons karring soos die man op die vlooiemark nog baie keer met geestelik gedane-stoele-en-skewe-tafeltjie-lewens aan. Ons loop in verslete klere met verbleikte sonsambrele rond, terwyl Hy vir ons nuwe klere wil aantrek wat skoongewas is deur die verlossing van Jesus Christus. Ons lewens is leeg, terwyl die Heilige Gees vir ons 'n lewe gevul met liefde wil gee.

Kom ons lees die boek en kies opnuut om Geesbeheers te lewe.

In Deut 30:19 roep Moses die volk op: "Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou gaan voorgehou, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe."

Jy moet kies tussen dood of lewe.

Kies vir die dood beteken om jou besig te hou met die dinge van jou sondige natuur.

Of kies die lewe waarin God vir jou 'n Vader is, jy verlos is deur Jesus Christus en beheer word deur die Heilige Gees.

Watter lewe kies jy?

Watter lewe leef jy?

1. Die lewe waar die sondige natuur in beheer is.

Dit is 'n lewe waarin jy geen keuse hoef te maak nie. Dit is 'n lewe waarmee ons almal gebore word.

In hierdie lewe is ons vyande en slawe.

Ons leef in vyandskap teen God.

Ons is 'n slaaf van die sonde. Ons lewe 'n lewe vol sonde. Wanneer ek toelaat dat sonde oor my heers, kan ek nie die wil van God doen nie. Ek is ongehoorsaam aan die wet en ek lewe in vrees, want sonde se onafskeibare metgesel is die ewige dood. (Rom 8:6 en 13)

2. Die lewe waar die Heilige Gees in beheer is.

Dit is 'n lewe waarvoor ons moet kies.

Ons lees in Rom 8:4, 5, 13 en 14 dat ons ons deur die Gees moet laat vervul. Laat toe dat Gees jou lei. Gee die stuur van jou lewe aan Hom oor.

Hoe doen ek dit? Ek gee die beheer van my lewe elke dag al meer aan die Heilige Gees oor. Ek lees die Bybel en leef biddend.

Nou is ek nie meer 'n slaaf nie - ek is vrygespreek.

Daar is vir my geen veroordeling meer nie. Jesus Christus het klaar die straf op my sonde gedra. My saak met God is reggemaak.

As vrygemaakte kind van die Here rol ek nie meer met 'n skuldige gewete rond as ek iets verkeerd gesê of gedoen het nie. Ek is vry van die oordeel van God. Christus het my sondestraf gedra. Wanneer ek my sonde bely, vergewe Hy dit.

Ek is nie meer 'n vyand nie, ek is 'n kind van God.

Ons lees van ons nuwe intieme verhouding met God in Rom 8:14-16.

"Abba" is 'n Aramese woord. Dit is dieselfde woord waarmee Jesus sy Vader aangespreek het. Hierin is daar iets van die intimiteit en warmte van die woord "pappa." Ek is deel van 'n nuwe geestelike familie. Met kinderlike afhanklikheid, vol warmte en vertroulikheid noem ek saam met Jesus vir God "Abba." Ons lees in Rom 8:16: "Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." Volgens die Joodse regsopvatting het 'n saak vas en seker gestaan wanneer dit deur 2 getuies bevestig is. Dit staan met ander woorde vas en seker dat ons kinders van God is.

En ek lê nie meer in sonde rond nie. Ek hou my besig met die dinge van die Gees.

Ek leef liefde. Ek kan nou die wet gehoorsaam, omdat ek nie langer magteloos uitgelewer is aan die mag van sonde nie. Die Gees is nou in beheer.

Ons lees in Rom 8:6 dat die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, lewe en vrede bring vir elkeen van ons.

Ek lewe in die heerlike vol s'n van die woord. (Joh 10:10)

Ek dien die Here nie omdat ek moet nie, maar omdat ek wil. Ek is nie daartoe verplig nie, ek doen dit uit vreugde en in dankbaarheid, omdat ek nie anders kan nie.

Ek het vrede met God, myself en met ander mense.

Ek is 'n erfgenaam van God. (Rom 8:17)

Ek is 'n erfgename saam met Christus. Wat Hy kry, sal ek kry.

Ek deel in Sy lyding. Vir 'n kort tydjie sal ek swaarkry, teenstand en skinder ervaar en uitgestoot word. Maar ek sal ook deel in Sy heerlikheid, in Sy lewe en die ewige lewe. Ek weet as Christen dat die beste altyd nog voorlê. Ek sal vir altyd saam met God lewe.

Afsluiting

Ons het die boek gelees. Kies opnuut wie plaas jy in beheer: jou sondige natuur of die Heilige Gees. Een van die twee moet in beheer wees.

Ek roep vanoggend die hemel en die aarde tot getuie teen jou dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe. (Deut 30:19)

Amen